# Afrikaanse Boukuns.

---

Daar het tothiertoe verskeie teorië bestaan oor die wording van wat ons graag ons "Afr. boukuns" noem, maar dis miskien nie teveel gesê wanneer hier beweer word dat 't oorgelaat werd aan 'n jonge Transvaalse argitek, om op die spoor te kom van die wijse waarop gedurende die einde van die sewentiende en begin van die agtiende eeuw in Kaapland talrijke fraaie geboue verrijs het, wat vandag nog 'n sieraad vir ons land en 'n lus is vir die oog, en die begin vorm tegelijk van 'n heelmal eige boutrant.

Op uitnodiging van die Suidafr. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns werd gisteraand deur meneer Gerard Moerdijk, onse talentvolle jonge argitek, 'n besonder leersame en belangwekkende voordrag gehou oor Afrikaanse boukuns. Dit het plaasgevind, met medewerking van drs. Breyer en van Hoepen in een van die sale van die nuwe Museum-gebou, in die Markstraat.

Teen 'n uur of agt was daar 'n uitgelese geselskap bijeen, insluitende pres. Reitz (Vise-Pres. van die Akademie), Mnr. inspekteur en mev. Moerdijk, (vader en moeder van die referent), dr. en mev. Bok, dr. Engelenburg, mnr. van Leenhof, dr. en mev. Malherbe, prof. dr. en mev. le Roux, prof. dr. Reinink, eerw. ds. H. Schloemann, mnr. Zwierstra, dr. van Hoepen, mnr. Weyers, mev. (dr.) Reitz, dr. en mev. Hoogenhout, mev. van de Bijl en verskeie ander.

Pres. Reitz het die referent met 'n paar gepaste woorde aan die publiek voorgestel.

Mnr. Moerdijk, 'n simpathieke verskijning, praat vlot Afrikaans, en het eers 'n kleine inleiding gegee, om te sê hoe alle wege op die gebied van die boukuns terugvoer naar die oue Egypte, waar vandag nog die mees monumentale en die mees blijwende voorbeelde daarvan aangetref word. Onder die spreke laat hij 'n unieke reeks van ligbeelde op die doek sien, en bespreek met die aanwesiges die mees saliente punte daarvan, insluitende voorbeelde uit die kunswerk van 'n uit Duitsland stammende beeldhouer, Anton Anread, van wie se verskijning in Suidafrika 'n interessante anekdote vertel word. Hij sou namelik in sij vaderland meeding in 'n tentoonstelling van beeldhouwerke toe, gedurende die nag voorafgaande aan die tentoonstelling, 'n vijand sij werk sodanig beskadig dat hij die volgende dag in gramskap die hele beeld met 'n hamer aan stukke slaan. Gevrees werd toen dat die vors, vir wie die tentoonstelling gehou werd, hierdie daad met 'n wisse straf sou besoek, en Anton werd deur sij vrinde aangeraai om pad te gee. Hij het dit onverwijld gedaan, en is in Suidafrika tereggekom, waar die skoonste eksemplare van die beeldhoukuns wat ons besit, aan hom te danke is.

Met portrette en tekeninge van Nederlandse, Vlaamse en Duitse geboue, word aangetoon hoe die bekende Afrikaanse gewel afkomstig is uit die rococo-periode in die argitektuur van genoemde lande. Voorbeelde werd vertoon van 'n voortreffelik mooi houtsnijwerk, wat gebesig werd vir die boligte van deure, en waarin die akanthus-motief, 'n sieraad van nagebootste blare soos in die korinthiese en romeinse boukuns te vinde is alleen aan die suile, angewend werd.

Daar is groot onderskeid op te merke tussen die huise wat neergeset werd op die Kaapse skiereiland, en die landhuise meer landinwaarts. 'n Tiental eksemplare sierlike beltorens het algemene bewondering afgedwing, asook eksemplare van die kaapse meubels, en met voorbeelde uit die boukuns van Ceylon, destijds ook onder Nederl. invloed, werd aangetoon hoe die kaapse boukuns nie die resultaat kon wees van 'n destijds algemeen gevolgde bouplan nie.

Dit blijk dat mnr. M. lange tijd na sij europese studie deurgebreng het op die Kaapse skiereiland, en daar 'n diepgaande studie gemaak 't van een en ander, in die loop waarvan hij tal van hoogs-interessante ontdekkings gedaan 't, van oue bouplanne sowel as sketse en detail-tekeninge van bestaande en ander geboue.

Aan die slot het dr. Malherbe, Sekretaris van die Akademie, mnr. Moerdijk 'n woord van hartelike dank gebreng.